

**25 Junie**

**Matteus 24:1-14 (1933-vert.)**

***Oorloë as tekens van die tye en 'n begin van die smarte***

Nadat Jesus en sy dissipels, 'n paar dae voor sy kruisiging, weer in die tempel in Jerusalem aanbid het, het Hy hulle uitgelei na die Olyfberg waar hulle gaan sit het. Hier het hulle Hom uitgevra oor die laaste dae, die tekens van die tye en oor sy wederkoms. Hy het hulle gewaarsku oor valse christusse wat sal kom en baie mense sal mislei. En toe noem Hy vir hulle in vers 6 dat "oorloë en gerugte van oorloë" een van die tekens van die tye sal wees. Die verwoesting van die tempel, waarna Jesus in vers 2 verwys, het reeds in 70 nC. plaasgevind. En hoeveel oorloë het nie al sedertdien gewoed nie? En namate die einde van die wêreld naderkom, word hulle al hoe meer en al hoe erger!

Nou is die vraag: Waarom is al hierdie verskynsels van oorloë, gerugte van oorloë en toenemende geweld tekens van die einde, tekens van die tye? Enersyds omdat die gebruik van kern- en chemiese wapens dit kan veroorsaak wat Petrus ten opsigte van die laaste dae voorspel het, naamlik: "die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Pet 3:10). Andersyds is geweld en wetteloosheid kenmerke van die ryk van die Antichris. Wat moet die Christengelowige se houding nou teenoor oorlog en geweld wees? Te alle tye en in alle omstandighede geld die gebod van die liefde! Alleen as ons met God versoen is deur ons Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, kan ons met mekaar versoen word en sal daar vrede wees. Daarom kan ons, wanneer die einde al hoe nader kom, die Antichris sy verskyning sal maak, die vervolging van die Christengelowiges al hoe feller word, met opgerigte hoofde en harte ons Here Jesus Christus uit die hemel verwag, want Hy het aan ons die belofte gegee: "Vrede laat ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie" (Joh. 14:27). "In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin!" (Joh. 16:13).

Sing: Skrifberyming 16:1,7,10Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)